UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

| | |
|---|---|
| **FACULTY** | **FACULTY OF EDUCATION AND HUMAN SCIENCES** |
| **SCHOOL** | **SCHOOL OF EDUCATION** |
| **DEPARTMENT** | **DEPARTMENT OF INTERMEDIATE AND VOCATIONAL EDUCATION** |
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS LANGUAGE EDUCATION 2B – JEUGLITERATUUR** |
| **SUBJECT CODE** | **LAU3612** |
| **DATE** | **NOVEMBER 2025** |
| **DURATION** | **3 HOURS**    **MARKS**    **100** |

# FIRST OPPORTUNITY EXAMINATION PAPER


**Examiner:** Mrs. I. Heyman - van Wyk
**Moderator:** Dr. L. van der Merwe


**INSTRUCTIONS**

**This paper consists of 7 pages, including the cover page.**

1. **Answer all the questions.**
2. **Number as in the question paper.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Follow instructions to earn the allocated marks.**

# UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS

## VRAAG 1

**1.1** Verklaar die terme:

- **a)** 'n getoonsette gedig
- **b)** kritiese leesvaardigheid
- **c)** leesweerstand
- **d)** deduktiewe werkswyse
- **e)** 'n novelle **(10)**

**[10]**

## VRAAG 2

**2.1** Bespreek die verskille tussen kinder- en jeugliteratuur. Neem in ag dat kinders en adolessente verskillende leesbehoeftes en -voorkeure het, wat 'n unieke benadering tot literatuur vir elke ouderdomsgroep vereis. **(10)**

**2.2** Noem twee redes waarom dit belangrik en nodig vir onderwysers is om self jeugboeke te lees. **(2)**

**2.3** Bespreek praktiese maniere waarop 'n onderwyser 'n leesvriendelike omgewing kan skep en leerders se betrokkenheid by lees kan bevorder. **(18)**
**[30]**

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Reën oor die berge

"Met die wolke uit die weste
skuif die grysvaal reëngordyn.
Veraf oor die donker heuwels,
rol die donder se refrein.

Speelse windjies groet die grassies,
skud die wilgers uit hul droom,
en die blaartjies fluister vrolik,
sprei die nuus van boom tot boom.

Hoor hoe ruis dit deur die klowe,
druppels, druppels nat genot.
Kyk hoe dans hul in die plassies,
huppel, trippel skoon verspot.

Oorkant teen die roesrooi kranse,
blink meteens 'n waterval,
want die son breek deur die wolke
en laat skitter berg en dal.

Oor die nuut ontwaakte wêreld
roep 'n arend in sy vlug
en die klank trek ver en helder
deur die skoongewaste lug.

Piet Swanepoel

**3.1** Verduidelik kortliks in jou eie woorde waaroor die gedig handel. **(2)**

**3.2** Bestudeer die gedig. Stel vervolgens tien vragies oor die gedig op, spesifiek oor die volgende aspekte:
**(Twee (2) vrae per aspek)**

**a)** die inhoud
**b)** strofebou
**c)** beeldspraak
**d)** stylfigure
**e)** rymskema **(10)**

Voorsien die memorandum vir die vrae.

3.3 Jy gaan die aangehegte gedig in die klaskamer met die leerders ontleed.

Watter metodiese stappe sou jy volg om te verseker dat leerders die gedig ten volle verstaan? Bespreek. **(12)**

3.4 Sou jy verkies dat leerders hierdie gedig stil op hul eie deurlees of dat jy as onderwyser dit aan hulle voorlees of beide? Verduidelik jou keuse. **(2)**

3.5 Verduidelik kortliks hoe jy media kan gebruik om die gedig met die leerder te ontleed. **(4)**

**[30]**

**VRAAG 4**

Lees die kortverhaal, *Dief deur* Elise de Bruyn, en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Wat verstaan jy onder die term 'karakteriseringstegnieke' in literêre tekste? Verduidelik hoe die skrywer van die kortverhaal, *Dief*, dit gebruik om karakters te onthul. Bespreek vier spesifieke tegnieke. **(10)**

4.2 Wat, na jou mening, is die tema van die kortverhaal? Motiveer jou antwoord. **(2)**

4.3 Identifiseer en bespreek die konflik in die verhaal. **(4)**

4.4 Evalueer die geskiktheid van hierdie teks as 'n jeugteks deur spesifiek te verwys na kenmerkende eienskappe van jeugliteratuur. Ondersteun jou bespreking met voorbeelde uit die teks. **(14)**

**[30]**

**[TOTAAL: 100]**

**DIEF** – Elize de Bruyn

1 Toe Monique die videospeletjie-arkade binnegaan, vang die goudkleurige geskenkdoos met die rooi strik dadelik haar oog. Dit staan langs die tienjarige Braam van Greuning, 'n bleek outjie met rooi krulhare, se stoel. Dis duidelik iets wat hy vir iemand gekoop het. Die Van Greunings is ryk. Hulle kan koop net wat hulle wil. Hulle leef lekker. Jaloesie spoel warm oor haar.

2 Braam se broer, Theo, is dertien soos sy en in haar klas. 'n Regte drip. Hy groet haar nooit. Dit pla haar nie. Sy weet sy is skreeulelik. Dom en lui boonop. Smiddae hang sy in die videoarkade rond. Sy rook. En sy steel. Klein goedjies. Dis vir haar lekker. Sy en haar pa het niks nie. Hulle bly in 'n goedkoop munisipale woonstel. Alleen. Haar ma is lankal aan 'n hartsiekte dood.

3 Monique is kwaad vir die lewe. Maar haar pa is 'n gelowige man en raak vies as sy kla. Hy sê altyd elke mens het 'n probleem. Elke mens het 'n kruis om te dra ... Elke mens se kruis is vir hom swaar ... 'n Mens moet net nie jou eie kruis in die lewe word nie ...

4 Braam van Greuning speel 'n video-speletjie, sy oë vasgenael op die skerm, onbewus van die wêreld om hom. Die arkade is vol en lawaaierig. Monique kan maklik die goudkleurige doos vaslê. Sy haal die opgefrommelde inkopiesak waarin haar toebroodjies was uit haar skoolbaadjie se sak en beweeg nader, buk kastig om haar skoen vas te maak, vat die geskenkdoos en druk dit in die sak. Sy kyk rond. Niemand het haar gesien nie en sy glip vinnig by die arkade uit. Sy het weer daardie vreemde, tevrede gevoel asof 'n leë plek in haar binneste volgemaak is. In haar kamer maak sy die goudkleurige doos se deksel op en lig 'n groot skulp uit die watte. 'n Skulp! Daar is 'n kaartjie by.
Geluk met Mamma se verjaardag!
Liefde
Braam

5 Sy laat haar vingerpunte oor die riffels van die swaar, koel skulp gaan, ruik aan die skulp en kry die soutreuk van die see. Dis 'n mooi skulp, maar niks werd nie. En al haar moeite hiervoor! Sy sit die skulp terug in die doos, prop die doos in die sak en sit dit onder haar bed. Sy is teleurgesteld.

6 Daardie aand kan sy nie slaap nie. Sy voel skuldig oor die skulp. Dis volmaan en haar kamer is vol lig. Sy staan op en haal die skulp onder die bed uit. Buitekant is die skulp se riffels grof; binne is die skulp sag soos satyn. Sy druk die skulp teen haar oor en hoor die ruising van die see. Dis 'n sussende geluid. Waar kom die skulp vandaan? Seker 'n ver strand, want dié soort skulp tel jy nie sommer enige plek op nie. Sy bekyk die skulp in die maanlig. Die fatsoen is pragtig. En hoe meer sy na die skulp kyk, hoe mooier word dit. Die skulp kos miskien nie baie nie, maar Braam sou dit nie gekoop het as dit nie vir sy ma iets sou beteken nie. Sy gaan lê met die skulp teen haar oor en luister na die see. Dis asof die sagte ruising sê: gee terug ... gee terug .. gee terug ...

7 Vroeg, voor skool die volgende oggend, glip sy met die geskenkdoos by die Van Greunings se hek in en sluip na die voordeur. 'n Gesig verskyn in 'n venster. Sy verstar en wil vlug. Die voordeur gaan reeds oop.

8 Dis Theo van Greuning. Skraal. Rooi hare.

9 "Monique, wat maak jy hier?"

10 "Ek ... het ... hierdie ... doos ... laat gistermiddag ... buite ... die videospeletjie-arkade opgetel," stotter sy. "Die arkade-eienaar sê toe ... jou boetie was daar met so 'n doos. Iemand het dit seker gesteel en toe ..."

11 Theo lyk agterdogtig.

12 "Oukei, geen vrae nie," sê hy. "Dankie. Jy is 'n ster. Braam sal uit sy vel spring. Kom ..." Hy lei haar na die sitkamer. "Dis Mamma se verjaardag. Sy is juis besig om al haar geskenke oop te maak."

13 Mamma is 'n skraal vrou in 'n kamerjas. Iets omtrent haar lyk vreemd. Maar die weelderige vertrek eis Monique se aandag op.

14 "Dis Monique, stel Theo haar voor. Sy's in my klas. Sy het Braam se verlore geskenk teruggevind. Buite die videospeletjie-arkade."

15 "Haai, dis vreemd," sê Braam. "Maar dis great!"

16 Hy vat die geskenk en gee dit vir sy ma.

17 Mevrou Van Greuning sit op die mat met haar geskenke om haar. Haar valerige man kyk toe. Monique kyk hoe mevrou Van Greuning die goudkleurige doos oopmaak, hoe haar lang sensitiewe vingers rondvoel en die skulp versigtig uitlig en teen haar oor druk.

18 "Jou skulp sing die lied van die see, Braam."

19 Nou merk Monique eers wat vreemd omtrent mevrou Van Greuning is. Sy dra 'n donker bril. Sy is blind ... Sjoe! Selfs die skatryk Van Greunings het probleme. Hoe sê haar pa altyd? "Elke mens het maar 'n kruis. 'n Mens moet net nie jou eie kruis wees nie." En sy wil nie. Sy gaan verander. Net vandag. Iets het reeds begin verander toe sy vannag na die lied van die skulp geluister het.